
KAMMANUUS
'n publikasie van onsdorp.com

No 509 JULIE 2024

## TOULEIER

Hallo julle,
Daar vang die skrikkeljaar my toe met die gebruiklike viering van middelwinter deur een dag toe vroeg op te daag! Wie moet dit nou ook nog onthou? Ja, die kortste dag en langste dag was toe die keer op 20 Junie. Wie van julle gaan my inlig oor wat die algemene naam daarvoor in Afrikaans is? Soos ek dit verstaan , noem die Engelse dit '*winter solstice'* wat beteken die son staan daai dag relatief 'stil' teenoor die aarde wat betref die hoek van die baan waarteen ons om hom wentel. Die volgende dag draai hy om. Of is ek dalk verkeerd, miskien hang hy eers 'n rukkie daar rond voor hy weer weg beweeg vanaf die horison.
So het ons in die suidelike halfrond deur die eeue geleer om ons huise noord te laat kyk om die winterson so ver moontlik in te laat skyn gedurende die dag. Uiteraard kyk die klomp daar bo in Europa weer suid vir wanneer dit bibberweer raak oor Krismis terwyl ons die son reg bokant ons ervaar teen twaalfuur se kant.




Van die os, heeltemal op die jas, dankie vir die van julle wie al klaar vir my moontlike titels gestuur het vir my boek.
Soos ek vantevore laat blyk het, lyk hy tans soos die inlasprentjie. Baie van die vriende wat ek vra, hou daarvan. My goeie ou skool pêl wat diep kennis het van die vermaaklikheid wêreld en publieke skakeling, voel weer dis net my huidige lesers wat gaan verstaan waaroor dit gaan en die man op straat oftewel die persoon wat die boekwinkel besoek, gaan by dit verby stap. Dit moet verkieslik 'n een woord titel wees wat moet prikkel sonder om aanstoot te gee. Daarom huiwer ek om die woord **GATKRUIPER**, wat tans bo aan my lys is, te gebruik.
**RONDLOPER** het onlangs by my opgekom maar is tans vêr tweede. Die subtitel lees tans: *Spanningsreisverhaal van 'n internasionale tonnelaar*. (nie tollenaar nie)

Kom julle, daai wynprys wag om gewen te word. Stuur asseblief. jou voorstelle na info@onsdorp.com met die woord BOEKTITEL in die onderwerp lyn. Dink buite die boks. Ons taal is só ryk aan lekker beskrywende woorde. Groete,

*Hennie en Annabelle*


# Dié Maand se Giggels












# WIE WAS KILROY?




Hy is in klip gegraveer in 'n klein holtetjie in die Nasionale oorlogsgedenkmonument in Washington, DC waar baie min mense dit nog gesien het. Vir die generasie van die Tweede Wêreldoorlog sal dit herinneringe terugbring. Vir die jonger mense is dit 'n bietjie trivium wat deel uitmaak van die Amerikaanse geskiedenis. Enigiemand wat in 1913 tot ongeveer 1950 gebore is, is bekend met Kilroy. Niemand het geweet hoekom hy so bekend was nie - maar dit lyk asof almal daarin beland. So wie was Kilroy?

In 1946 het die Amerikaanse Transito Assosiasie, 'n landwye kompetisie geborg om die regte Kilroy te vind, met 'n prys van 'n regte trollie motor aan die persoon wat homself as die ware artikel kon bewys. Byna 40 mans het na vore getree om die bewering te maak, maar slegs James Kilroy van Halifax, Massachusetts, het bewyse van sy identiteit gehad.

'Kilroy' was 'n 46-jarige skeepswerf werker tydens die oorlog wat as 'n inspekteur by die Fore Rivier Skeepswerf in Quincy gewerk het. Sy werk was om rond te gaan en te kyk na die aantal klinknaels wat voltooi is. Die klinknaelers was op stukwerk en is per klinknael betaal. Hy sou 'n blok klinknaels tel en 'n regmerkie met semi-wasagtige kryt maak, sodat die klinknaels nie twee keer getel sou word nie. Sodra Kilroy egter van diens af was, het die klinknaelers die merke uitvee. Later sou 'n ander inspekteur buite die skof 'n tweede keer deurkom en weer die klinknaels tel, wat gelei het tot dubbele betaling.

Op 'n dag het Kilroy se baas hom na sy kantoor geroep. Die voorman was ontsteld oor al die lone wat aan klinknaelers betaal word, en het hom gevra om ondersoek in te stel. Dit is toe dat hy besef wat aangaan. Die eng spasies waarin hy moes kruip om die klinknaels te tel, het hulle nie daartoe leen om 'n verfblik & kwas rond te sleep nie. Hy het voortgegaan om sy regmerkie te plaas op elke werk wat hy ondersoek het, maar het 'KILROY WAS HIER' in GROOT letters langs die area bygevoeg, en uiteindelik die skets van die kêrel bygevoeg met die lang neus wat oor die heining loer en wat deel geword het van die Kilroy-boodskap.

Nadat hy dit gedoen het, het die klinknaelers opgehou om sy merke te probeer uitvee. Gewoonlik sou die klinknaels & krytmerke met verf bedek gewees het. Met die oorlog aan het skepe egter die Quincy werf so vinnig verlaat dat daar nie tyd was om dit te verf nie. As gevolg hiervan is Kilroy se inspeksiehandelsmerk gesien deur duisende dienspligtiges wat aan boord gegaan het van die troepeskepe wat die werf vervaardig het.


Sy boodskap het duidelik aanklank gevind by die dienspligtiges, want hulle versprei dit oor die hele Europa en die Suidelike Stille Oseaan.

Voor die einde van die oorlog was 'Kilroy' hier, daar en oral op die lang afstande na Berlyn en Tokio. Vir die troepe wat in daardie skepe uitgegaan het, het hy egter 'n raaisel gebly; al wat hulle vir seker geweet het, was dat iemand met die naam Kilroy 'eerste daar was'.

As 'n grap het Amerikaanse dienspligtiges die graffiti begin plaas waar hulle ook al beland het, en beweer dat dit reeds daar was toe hulle daar aankom.

Kilroy het die Amerikaanse super-GI geword wat nog altyd 'al klaar daar' was waar GI's ook al gegaan het. Dit het 'n uitdaging geword om die logo op die mees onwaarskynlike plekke denkbaar te plaas (dit word gesê dat dit bo -op die berg Everest, die Liberty standbeeld, asook die onderkant van die Arc de Triomphe is, en selfs in die stof op die maan gekrabbel is.

Namate die oorlog aangegaan het, het die legende gegroei. Onderwater-slopingspanne het gereeld op Japannese eilande in die Stille Oseaan aan wal gesluip om die terrein te karteer vir komende invalle deur Amerikaanse troepe (en was dus vermoedelik die eerste GI's daar). By een geleentheid het hulle egter berig dat hulle vyandelike troepe oor die Kilroy -logo sien skilder het!



In 1945 is 'n buite toilet gebou vir die eksklusiewe gebruik van Roosevelt, Stalin en Churchill tydens die Potsdam konferensie. Die eerste gebruiker was Stalin, wat na vore gekom het en sy assistent in Russies gevra het: "Wie is Kilroy?"

Om sy egtheid in 1946 te bewys, het James Kilroy amptenare van die werf en 'n paar van die klinknaelers saamgebring. Hy het die trolliemotor, wat hy as Kersgeskenk aan sy nege kinders gegee het, gewen en dit as 'n speelhuis in die Kilroy-werf in Halifax, Massachusetts, opgerig.

En die tradisie leef steeds voort ...

# BRIEWEBUS



Elsbeth Verhoeven van Stellenbosch, een van ons langslewende lesers het reageer op my pleidooie vir stories van die lewe van Saners oorsee en hier volg nou 'n reeks uit briewe wat sy aan vriende geskryf het terwyl hulle in België gewoon het. Elsbeth het ook vir my en kamermaatjie blyplek gegee in die middel van Matieland toe ons laas daar gekuier het! Dankie vir die deel Elsbeth!

# BRIEWE UIT BELGIË




Een of ander Haringstraat

Gent

23 Oktober

Beste Almal

Vandat ek laas geskryf het oor die ervarings in Frankryk het ek nog ander goed meegemaak wat wonderlik was. Ek was nog vir een week alleen in Oelegem totdat Paul teruggekeer het van sy stap in die Dolomiete in Italië waar hy saam met Annatjie en Herman du Plessis van Franschhoek gaan stap het vir 2 weke.

In Oelegem het 'n ouerige man wat ou fietse herstel en ombou vir Paul 'n fiets geleen waarmee hy kon rondry. Ons het een oggend al langs die Albertkanaal (waarop vragskepe by die dorp verbykom en vanaf die Antwerpense hawe na die binneland vaar om goedere af te laai of op te laai), na die stad Antwerpen gery. Dis so 18km een rigting. Gelukkig is dit plat. Geen heuwels behalwe as jy oor 'n kanaal moet ry met 'n brug. Ons het gaan ontbyt eet in Antwerpen. Daarna weer terug gery met dieselfde pad. Om Oelegem is baie woude, daar is 'n kasteel "Vrieselhof". Daar is draf paaie in die domein en 'n wandelroete.

Oelegem het ongeveer 5,000 inwoners. Tussen die huise en op oop ruimtes word daar mielies geplant. Daar is ook plekke waar stoetperde aangehou word. Alles natuurlik op klein skaal. Verder is daar een melkery, maar jy moet tussen die huise en stegies afry en deur 'n bos om by die melkery uit te kom. Daar is gewoonlik ook baie vlieë daar. By hierdie melkery kan jy die beste roomys eet, melk koop, botter, jogurt en selfs bier drink. Elke 2de oggend het Paul vinnig met die fiets na daar gery om vars melk te gaan koop. As jy een liter koop kos dit 1 euro en as jy dieselfde bottel terugbring om gevul te word kos dit 50 sent. Die roomys is die goedkoopste in die hele België. Dus weet almal van die plek en stroom mense na daar. As jy op die terras sit sien jy hoe die koeie wei in die velde. Dit word genoem "Het Koeike".

ELSBETH

NS, VOLGENDE KEER, MEER

# Spreekkamerstories
## Met 'n lepel vol lag
Dr. Fana Malherbe



Op 'n Woensdagmiddag kry die saaldokter 'n bietjie kans om agterstallige administratiewe werk in te haal. Die kantoorhulp wat tee bring, knoop toe 'n geselsie aan:

"Ek het darem vandag goed opgekom vir dokter."

"Ja, hoe so?"

"Toe ons netnou sit en tee drink sê daai simpel Piet Portier mos dokter is nie 'n dokter se gat nie."

"En wat sê jy toe?"

"Ek sê toe dokter *is*!"

Dr. Pat Massey vertel die storie van die man wat na 'n ernstige ongeluk in die hospitaal opgeneem is. Toe hy goed by is, sê die dokter hy het goeie nuus én slegte nuus.

"Die goeie nuus is dat jy lewe. Die slegte nuus is dat jy ongelukkig jou geslagsorgane verloor het. Maar moenie bekommerd wees nie, ons het vandag die tegnologie om alles weer op te bou. Daar is drie modelle: R20 000 vir 'n normale een, R50 000 vir die hingsmodel en R15 000 vir die junior soort. Praat met jou vrou en besluit so gou moontlik asseblief, want ons wil begin terwyl die wond nog vars is."

Op die saalronde die volgende dag vra die dokter: "En toe, wat het julle besluit?"

"Nee, dokter, ek het met my vrou gepraat en sy sê teen daardie prys moet ons liewer die kombuis oordoen."

# WENKE VIR AFGETREDENES



1. Wees lief vir jou bed soos vir jouself.
2. Voorkom moegheid - moenie werk nie.
3. Wanneer die lus om te werk jou dalk mag oorval, gaan sit eers en wag totdat die bui gesak het.
4. Nog nooit is iemand dood van te veel rus nie.
5. Rus deur die dag sodat jy snags kan slaap.
6. Om moeg te wees, is om te lewe om te rus.
7. Doen altyd die minste wat jy kan, want dit wat nog gedoen moet word, kan iemand anders doen.
8. Die belangrikse reël is natuurlik: Wanneer jy iemand sien wat besig is om te rus - help hom deur self te gaan rus sodat hy nie sleg moet voel nie!

**Geniet jou lewe as 'n pensionaris, jy verdien dit!**






Liewe lesers,
Ons woon langs die kus en by ons kan die wind sommer verwoed waai. Dit maak my na al my jare in die Kaap steeds ongedurig! Asof iets my jaag en ek geen rus of duurte vir my siel kan kry nie! Dan moet ek my hande besig hou en my ore toe!

Jul weet mos, daardie stukkie wat seg alles wat jou hand vind om te doen, doen dit met mag… Wel al waarop ek my hande op die ingewing kon lê toe die wind my weer soos omdop wou laat voel, is suurlemoene! En nee, if life hands you lemons, make lemonade is nie wat ek in gedagte gehad het nie!

Wel Suurlemoensmeer !

- 100g (110 ml) botter / bakmargarien (gebruik botter vir 'n meer DEKADENTE eindproduk!)
- sap van 2 groot suurlemoene
- fyngerasperde geel skil van 1 suurlemoen
- 225g (275 ml) witsuiker
- 3 groot eiers

Mikrogolf die botter/margarien 1 minuut onbedek in 'n diep mikrogolfbak op HOOG (100% krag). Voeg suiker, suurlemoensap en -skil by en roer goed om die suiker op te los. Klits eiers en roer by.

Mikrogolf 4 minute onbedek op HOOG (100% krag) en roer elke minuut. Mikrogolf daarna nog 30 sekondes en toets of dit dik genoeg is: as jy 'n metaallepel in die mengsel steek en uithaal sal daar 'n dikkerige lagie aan die agterkant van die lepel vassit. (Onthou: die suurlemoensmeer word dikker namate dit afkoel.)

*Retha woon deesdae in Bettiesbaai en beskik oor 'n skatkis se kennis van tuinmaak, kos, kruie, koeke en kook!*
*Seker omdat sy 'n verjaarsdag deel met destydse Tannie Esme van Springbok Radio se So Maak Mens, weet sy omtrent als van alles in die tuin en die kombuis! Stuur gerus vir ons enige navrae*
***Wat Retha nie weet nie, vind sy uit!***

Gooi warm smeer in skoon, gesteriliseerde botteltjies. Bedek met 'n stukkie waspapier (om te keer dat suur met metaaldeksel reageer) en draai die deksel styf vas.
Lewer ong. 500 ml smeer.
Wenk: Verpak dit in fraai botteltjies vir 'n spesiale tuisgemaakte geskenkie, gebruik as vulsel vir 'n rolkoek of sponskoek. Jy gaan jou vingers aflek so lekker is dit!

Voila en Groetes!
Retha

Deur Yulandi *Steenkamp*



en Blikkies

# *Spookstorie*

Pa het 'n bos gitswart hare gehad en reg in die middel van sy agterkop 'n allamintige moesie. Ek het altyd uitgevra daaroor. Met dié vertel my pa die volgende storie:

Volgens Pa was hierdie moesie 'n kenmerk van die Steenkamp mans. Oupa en ook Oom Willem het een gehad op presies dieselfde plek. As kind het ek daaraan geglo soos duiwel aan siel, maar betwyfel die waarheid daarvan vandag.



Pa-hulle het groot geraak in die Karoo op die plase Holdrif, Rivierplaas en Kleinmatjiesfontein iewers tussen Calvinia en Sutherland. In dié omgewing was my oupa bekend as Grootwolf, Oom Willem Kleinwolf en Pa was heel gepas, Laaswolf.

Oupa was 'n lang maer man van min woorde, die Steenkamps was almal lank, en soos ek verstaan nie baie geduldig nie. So maak hy eenkeer die tog na Calvinia met die perdekar om proviand aan te koop. Dit was laat toe hy die pad aandurf terug plaas toe. Die donker het net oor die Karoo neergedaal toe hy die laaste driffie duskant die plaas moes deurgaan.



Die perde was onrustig en het die driffie protesterend genader. Oupa het 'n gedaante in die middel van die pad sien staan presies daar waar hy oor die driffie moes gaan. Dis hier waar die ongeduld die oorhand gekry het en hy lê die riem in om die perde aan te hits.

Die wese in die pad swaai sy arms verwoed en beduie Oupa moet stop. "Nee, wag oubaas! Hokaai nou!" 'Wat wou stop?' Net daar staan Oupa regop en ry soos 'n wafferse perdejoggie die perdekar dat die stof so staan.

Oupa het nie van hokaai geken nie. Hy wou by die huis kom en reken by homself dat geen regdenkende mens of wese hom sou wou voorkeer in die middel van nêrens en nugter weet alleen watter tyd van die nag.



Hy jaag met die perdekar met die proviand agterop, wat wonder bo wonder nie af neuk nie van al die skud en stamp, reguit op die wese af. Hierdie was immers Grootwolf met geen bang haar op sy kop nie.

Pa vertel dat Oupa oortuig daarvan was dat dit ’n spook is. Hy het dus geen nut daarin gesien om te stop nie. Volgens my pa het die siel soos mis voor die Son verdwyn toe oupa deur daardie drif is asof die duiwel agter hom aan is.

Hy was boonop versigtig...

Mens weet nooit of die wese dalk kon toor nie...

Drie dae later sit Oupa onder die boerboonboom waar ouma besig is om sy hare te sny met die kombuis skêr. Toe sy in die middel van sy agterkop kom raak sy stil en sê: “Pa, jy het ’n moesie net hier agter.” Oupa brom en sê dat hy dit al lankal het en hy het spesiaal die moesie gegroei sodat geen *slams* hom kan toor nie.

Ouma skud haar kop en gaan doodluiters voort met sny. Daarna was dit bekend in die omgewing dat Grootwolf en elke ander wolf in sy familie nie getoor kan word nie. Die moesie het sy ding gedoen.

My kleinkinders luister grootoog na die storie wat ek met kleur en geur vertel. Die oudste dink so bietjie en vra doodluiters: “Was oupa dan ’n weerwolf?” Ek skater van die lag en wonder of ek ook so moesie kan laat groei, ek meen jy het al die hulp nodig wat jy kan kry. Netnou wil iemand my ook toor.





AGTEROS

# KREP DE TJAAIN

Dana Snyman

Hy was seker so agtien, dalk negentien, met 'n sonbril op die voorkop en 'n yl Brad Pitt-baardjie op die kennebak. Ons het nou die aand toevallig saam by die Quick Shop ingestap, ek vir 'n pastei en 'n Coke, hy skynbaar vir kondome want hy het gemik vir die rak teen die muur waar die pakkies in gelid gehang het.

Het ek maar soveel selfvertroue gehad, het ek gedink. Want ek, 'n relatief neuroselose man van in die veertig, sal steeds nie so openlik na 'n kondoomrak in 'n winkel stap nie — veral nie met ander mense in die nabyheid nie.

Rustig het hy die pakkies deurgekyk en op een besluit. *The Shield of Zeus for superlative performance.* Toe het hy dit saam met twee Crunchies betaal, in die Honda Ballade — seker nog sy ma s'n ook — voor die deur gewip en gery. Heeltemal onselfbewus.

Deel van 'n geslag waarvoor 'n kondoom niks vreemds is nie.

En dit is seker hoe dit moet wees in 'n oorbevolkte Derdewereldland waar een uit agt mense glo reeds HIV het. Dit is net so, wel, so anders as wat dit eens op 'n tyd was. Toe my stem begin breek en ek my hare soos Bobby Ewing in *Dallas* probeer kam het, was dit onmoontlik om sommer by 'n plek in te stap en 'n pakkie kondome van die rak of te haal.

Oom Dafel, die apteker, het dit wel aangehou. In 'n laai, naby die Skedule 1-medisyne.

Wie onthou nog die omstredenheid — ek dink dit was in 1977 — toe dit bekend geword het op Kyalami gaan 'n renmotor jaag met die kondoomvervaardiger Durex se naam daarop? Die yolk was in opstand: die Kerke, Aksie Morele Standaarde, die ACVV, die NP — vreeslik.

Op die ou end het die regering dit ingevolge die een of ander obskure wet verbied.

Ons het nie die woord "kondoom" geken nie. Ons het gepraat van FL's. Of effies. Of velle. Of rubbers. Of goue ponde.

Ek weet waar ons rubbers kan kry," het Stoffel, my beste maat in standerd 5, gesê.

"Rubbers? Waar?"




"By Taki se kafee. Toggos sê so."

"Genuine?"

"Genuine. Jy sê niks Jy skiet net 'n twintigsentstuk in die lug op, vang dit, kap dit op die counter neer en skuif dit tot voor ou Taki. Hy sal dan weet."

"So, let's go."

Ons het op ons fietse geklim en in 4de Straat af gery na ou Taki se kafee toe. Dit was 1975, ons was albei 13 jaar oud, albei gevangenes van ons ontluikende hormone en die sensualiteit van Anneline Kriel, 1974 se Mejuffrou Wêreld.

Taki was op sy pos agter die toonbank, sy hemp tot by sy naeltjie oopgeknoop, 'n silwer St. Christopher-hangertjie tussen sy borshare. Sonder om 'n woord te se, het Stoffel die twintigsentstuk die lug in geskiet, dit gevang, "kwa!" op die toonbank neerplak en dit tot voor Taki geskuif.

Taki het die muntstuk opgetel. "What can I do for you, sonny?" Stilte.

"You don't speak, huh?"

Stilte

"I say, can I help, sonny?"

Stilte

Taki het sy skouers opgetrek en dak toe gekyk. "This boy she don't speak today."

Stilte.

"Hey sonny, don't wasta my time. You don't speak, me don't hear. Okay? Okay?"

Ek wonder hoeveel seuns het in daardie tyd muntstukke voor verdwaasde Griekse en Portugese kafee-eienaars die lug in laat tol want oral is geglo dit is 'n maklike manier om 'n kondoom gekoop te kry.

Natuurlik het dit nooit gewerk nie. Dit was maar net een van die baie urban legends oor kondome wat toe in omloop was. Ons het ook geglo enige winkel met 'n Chinese eienaar sal tjop-tjop 'n rubber aan jou verkoop — ook nie waar nie.

Loop vra maar enige man oor veertig, elkeen het sy eie kondoom*storie* om te vertel. Dit was nie dat ons die kondome wou gebruik vir die doel waarvoor dit vervaardig was nie. Hoe kon ons? Jy is dertien jaar oud, een oomblik praat jy met Ivan Rebroff se basstem, die volgende oomblik Is jy Mimi Coertse. Jy droom snags drome wat jy hoop jou pa en die predikant nooit van sal uitvind nie, jou wange is vol puisies, jou ore slaan aan die brand en jou keel trek toe as Hessie Prinsloo in die klas vir jou glimlag met draadjies aan haar tande.

Tog het ons op die ou end ons eie, persoonlike kondoom gekry, *ek en* Stoffel. Ons het dit vir 50c gekoop by Johannes wat in ons tuin gewerk het. Johannes, weer, het dit by die kliniek gekry.

Dit was so 'n goue pakkie met fyn rooi lettertjies op: *Crepe de Chine.* Toe het ons dit nie meer 'n rubber genoem nie. Dit was "Kreep de Tjaain".

Een week was die ICrep de Tjaain myne, net so, toe in die pakkie. Die volgende week was dit weer Stoffel s' n.

Eers die dag toe ons Anneline kaal gesien het, het ons daardie pakkie oopgeskeur.Dit was 'n Maandagmiddag. Van die skool af op pad huis toe het ek en Stoffel gou by Taki se kafee ingesak vir 'n Hubbly Bubbly. Toe lê sy daar op die grond voor die tjips-rak, op haar rug, poedelkaal in die son met sulke sterretjies op haar borste. Op die *Sunday Times* se Voorblad.



Anneline, o, ons Anneline!

Wat doen jy as jy dertien is, jy het pas die voorwerp van jou fantasieë kaal gesien en jy sit op 'n plattelandse dorpie met een voos gevatte Krep de Tjaain in jou besit?

In my kamer by die huis het ek die goue pakkie onder 'n hopie broeke in my kas uitgehaal. Stoffel het op die bed gesit, onder die poster van Bruce Lee teen my muur, en hardop begin voorlees uit James Hadley Chase se *Die rooi bikini* wat by onder sy grootboetie se Ford 17M se sitplek ontdek het: "Die maan hang skilderagtig oor die see. Hy steek sy hand uit en raak met koorsagtige vingers aan haar skouer. Dit voel of 'n elektriese stroom deur hom gaan — hy kan die haartjies op sy arm orent voel kom."

Ek het oor die goue pakkie gestreel.

"'My liefling, o, my liefling,' sê hy en laat sy hand sag teen haar bors afgly."

Ek kon nie meer nie. Ek het die goue pakkie oopgeskeur. Met bewende vingers.

"Hy leun vorentoe met die begeerte wat warm in hom brand en plaas sy lippe op haar gul mond."

Ek dink dit was Stoffel wat gesê het ons moet op die huis se dak klim en met die gieter die Krep de Tjaain vol water gooi — die eerste van baie dom, eienaardige dinge wat begeerte ons nog in ons lewe sou laat doen.

Eers het ons die Krep de Tjaain oor die gieter se bek getrek, toe die gieter stadig gekantel en die water in die Keep de Tjaain laat inloop.

Stil en verwonder het ons gekyk hoe dit swel en swel, tot dit later so groot soos 'n skaap se ingewande daar voor ons op die dak gele het.

Haar asem is warm en innig en hy laat sy hand peristalties oor haar maag gly.

Toe het ons die Krep de Tjaain toegeknoop en, sonder om 'n woord vir mekaar te sê, ons hande onder die ding ingewerk en dit versigtig opgelig.

"Neem my," het sy met 'n bewende stem in sy oor gefluister. "Neem my, my liefling."

Toe, met die Krep de Tjaain in ons arms, het ons tot by die dak se rand gestap. Op die grasperk het 'n sproeier in die rondte gedraai.

En toe neem hy haar. Ons het daardie Krep de Tjaain gelos en gekyk hoe dit grond toe tuimel, af, af, af, gevolg deur 'n oerkreet diep uit ons binneste: "Ahoe-hoe-ha-haa!"

Soms wens ek ek het daardie voos gevatte goue pakkie gehou. Ek sou dit laat raam en teen my muur gehang het. Retro-kuns.

Sodat ek kan onthou hoe onskuldig ons eens op 'n tyd was.